# 'n Nuwe-Testamentiese begronding van die eenheid van die kerk en die eis om kerkeenheid vandag

AG van Aarde
Universiteit van Pretoria

Abstract
The foundation of the unity of the church in the New Testament and the quest for unity today

Early Christendom was not an unitarian movement, but in the New Testament there is a quest for unity. However, this unity was not juridically meant to be institutional of nature. The concern of this article is to argue that the unity of the church in the New Testament is Theologically, Christologically, Pneumatically and kerygmatically founded. Since the church is the household of God, the relationship similar to that of a family home will hold the church together. Building upon the foundation laid by the apostolic tradition the presbyters-bishops, like fathers taking responsibilty for a home, are to be providing the foundation of the unity of the church grounded on their kerygma that the household of God is pneumatically united with the body of the crucified and risen Christ.

*Opgedra aan prof Frans van Zyl*

## 1. INLEIDING

Hoe word die ekumeniese simbool in die Nicaeno-Constantinopolitanum wat in Artikel 9 sê dat die kerk een, heilig, algemeen en apostolies is (vgl ook die Confessio Belgica, Art 27 en die Heidelbergse Kategismus, Antw 54), 'n werklikheid in die lewe van gelowiges en van kerke vandag? Die uitdrukking 'eenheid-van-die-kerk' word gewoonlik in hierdie debat as organisatoriese eenheid verstaan.

So 'n eis om institusionele kerkeenheid kan egter nie sonder meer op die Nuwe Testament gegrond word nie. Oor die eenheid van die kerk behoort ons ook

nie naïef te romantiseer met 'n beroep op die sogenaamde vergange eenheid waarvan die Nuwe Testament na bewering sou getuig nie. Ons moet ook nie meen dat die blote goeie gesindheid rondom 'n konferensietafel, met die openheid vir die eise van die Nuwe Testament, dié aanvanklike eenheid in die Nuwe-Testamentiese tyd vandag sal kan herstel nie. Die Nuwe-Testamentikus, Paul Achtemeier (1987), het onlangs in sy boek, *The quest for unity in the New Testament church*, hierdie saak soos volg beklemtoon:

> Unless we are clearly aware that such a romantic view of an original unity does not stand up under historical scrutiny, all contemporary attempts to achieve unity will be unrealistic about the problems facing that quest. The evidence in the New Testament is clear: The church, from its beginning, faced problems of division and disunity, with the result that such unity still remains a goal to be achieved in the life of the visible body of Christ. Only a clear, hard-eyed view of the kind of problems that have beset the Christian community from its beginning will enable that community to move forward, under the guidance of God's Spirit, to that unity to which it is called (Achtemeier 1987: 2).

Hierdie roeping tot kerkeenheid waarvan Achtemeier praat, is blykbaar ook 'n soort organisatoriese eenheid (kyk ook Hahn 1986). Dit is egter histories baie seker dat die 'eenheid-van-die-kerk' wat die skrywers van die geskrifte in en rondom die Nuwe Testament in die oog gehad het, nie 'n institusionele eenheid was nie, dat daar ook nie só 'n institusionele eenheid bestaan het nie en dat die eenheid waartoe Christene opgeroep is, 'n eenheid te midde van 'n verskeidenheid was (kyk Van Aarde 1987).

Net so is die roeping tot eenheid van die drie tradisionele Afrikaanssprekende kerke vandag 'n oproep tot eenheid te midde van verskeidenheid. Was dit in die geskiedenis van die kerk ooit anders en sal dit ooit anders voorgestel kan word as 'n eis om eenheid op grond van die verskeidenheid?

Hierdie oortuiging gaan uit van die realistiese aanname van die *pluraliteit* van die kerk; let wel, nie maar net van die *pluriformiteit* van die kerk nie. Laasgenoemde aanname sou rekening kon hou met die verskeidenheid wat bepaal word deur nasionale grense. So gesien, sou daar sprake kon wees van 'n Duitssprekende kerk, 'n Nederlandssprekende, 'n Afrikaanssprekende kerk ensovoorts. Prof FJ van Zyl het hom in die lig hiervan in 1978 teen die gangbare oortuiging in die Nederduitsch Hervormde Kerk uitgespreek dat die bestaan van drie Afrikaanssprekende susterkerke nie afbreuk doen aan die 'Bybels-Reformatoriese visie oor die eenheid van

die kerk van Christus nie' (kyk o a Engelbrecht 1978: 18).

> Ook Calvyn sou seker nie goedkeuring geheg het aan die bestaan van soveel afsonderlike kerke binne een volks- en kultuurverband, solank hulle maar een is in die waarheid nie. Dit moet noodwendig tot verwarring by die lidmate lei wat 'n struikelblok in die evangelie kan veroorsaak. Ons moet dan ook erken dat die afsonderlike bestaan van drie kerke binne ons eie volks-, taal- en kultuurverband, en bowendien nog drie kerke wat dieselfde belydenisgeskrifte het, dieselfde erediensinrigting, inderdaad ongehoord is (Van Zyl 1978: 24).

Aan die ander kant was Van Zyl (1978: 25-26) ook nie 'n voorstander van òf 'n 'opportunistiese' eenheid òf 'n 'sinkretistiese' eenheid van die drie Afrikaanssprekende kerke nie. Die eerste tipe eenheid sou die produk wees van mense wat meen 'dat ons dit nie kan bekostig om verdeeld te wees op kerklike gebied in die aangesig van al die dreigende gevare van ons tyd nie.' Die tweede tipe eenheid kom neer op "n deurmekaar menging van die voorhandene.' Enersyds is daar egter geen waarborg dat die 'geskille nie weer navore sal kom sodra die dreiging van gevare verdwyn het nie.' Andersyds is 'n eenheid van die drie kerke wat 'gemeng (is) tot een waarbinne almal hulle kan tuis voel', ...'egter 'n baie oppervlakkige en kunsmatige eenheid waarin werklike diepgaande verskille dikwels uit die pad gegaan of verdoesel word ter wille van die eenheid.' Hierdie tipes eenheid is volgens Van Zyl (1978: 26) eenheid ten koste van die waarheid, en dit is vir hom ondenkbaar. Die roeping tot 'eenheid' word deur hom voorgestel as 'n proses van *eenwording*. Hiertoe is ons as *medewerkers* geroep.

Die oortuiging wat ek vervolgens wil beredeneer en Nuwe-Testamenties wil begrond, is wat Oscar Cullmann (1986) die *eenheid van die kerk op grond van die veelheid* ('Einheit durch Vielfalt') noem. Ek reken daarom nie dat dit nodig is om tussen die begrippe 'eenheid' en 'eenwording' te onderskei nie. Maar daarby is 'n eenheid wat nie sigbaar konkretiseer nie, vir my 'n onegte eenheid. Die gronde van my beredenering hieroor is, anders as in die verlede in die kring van die Hervormde Kerk, nie basies konfessioneel van aard nie, maar Nuwe-Testamenties.

Dit is waarskynlik in die lig van laasgenoemde opmerking nuttig om eers 'n kort historiese nota oor die gang van argumentvoering in die Hervormde Kerk oor die eenheid van die kerk ter wille van die agtergrond te skryf.

## 2. 'N HISTORIESE NOTA

Wat die eis om eenheid tussen die tradisionele drie Afrikaanssprekende kerke in Suid-Afrika betref* , is daar op die Tussenkerklike Kommissie reeds so vroeg as 6 Augustus 1958 verklaar dat die veelheid van kerke aanvaar word, maar nie om daarby te berus nie. Die kerke sien dit as sy roeping om dit wat die kerke uitmekaar hou, só onder oë te neem sodat die kerke in een 'kerkverband' gebring kan word. Op die vergadering van 14 April 1965 word daar deur die afgevaardigdes van die drie kerke aanvaar dat daar steeds uitgegaan sal word van die basis waarop op 6 Augustus 1958 besluit is. Daar word beklemtoon dat die drie kerke na 'meer eenheid' moet soek. Bykans tien jaar later nadat die eerste voorneme uitgespreek is, op 13 Junie 1968, stel die afgevaardigdes van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika dit duidelik dat die begeerte van sekere lede van die Tussenkerklike Kommissie dat die drie Afrikaanssprekende kerke nader aan mekaar gebring moet word met die oog op 'eventuele eenheid', soos die vergadering van 14 April 1965 genotuleer is, nie vir die Hervormde Kerk daarop neerkom dat die Tussenkerklike Kommissie hom 'doelbewus sal beywer vir organisatoriese kerkvereniging' nie.

Hierdie standpunt van die lede van die Kommissie vir Gesprek met die Susterkerke van die Hervormde Kerk spruit waarskynlik voort uit onder andere die besluit van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in April 1967 dat dit nie in 'n omvattende sin moontlik of noodsaaklik is dat die kerk, en dus as *eenheid*, vir algemene waarneming sigbaar verskyn nie. In hierdie besluit is onder andere gesê dat die enigste werklike grond van die ekumeniese gesprek en strewe die *Bybelse voorstelling is van die eenheid van die kerk van Christus wat 'n eenheid in waarheid is.* Die ekumeniese gesprek behoort daarom met die 'waarheidsvraag' te begin. Die 'waarheidsvraag' is 'n konfessionele vraag met betrekking tot die minimum basis van leer en geloof waarop die één kerk gebou kan word. Waar Calvyn sê dat waar daar van meer as een kerk sprake is daar word die liggaam van Christus verdeel (kyk Engelbrecht 1978: 15), het hy nie die verspreiding van die kerk oor die hele wêreld en op baie plekke onder verskillende mense en organisasies in die oog gehad nie. Hy het ook nie die verdeling op grond van die 'waarheidsvraag' in die oog gehad nie. Dit is 'n verdeeldheid onder mekaar as gevolg van menslike twis, tweedrag en hooghartigheid. Hierdie verdeeldheid

---

* Kyk die verslag wat skrywer in opdrag van die Kommissie vir die Gesprek met die Susterkerke van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika opgestel het oor 'Die missie van die Tussenkerklike Kommissie volgens die Hervormde Kerk - 1989-1992', soos goedgekeur vir voorlegging aan die twee en sestigste Algemene Kerkvergadering, Junie 1989 (Agenda met Bylaes, bl 435-441).

word soms verwar met 'n twis oor die waarheid.

Die laaste amptelike standpunt van die Hervormde Kerk in verband met die eenheid van die kerk is op die een en sestigste Algemene Vergadering in Mei 1986 geneem. Toe is geformuleer dat die kerk vir die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika één is en dit gaan om die 'eenheid *met* die kerk (liggaam van Christus, volk van God ens) en dus een *met* die waarheid wat in Christus is' (my beklemtoning). Wat die drie Afrikaansprekende kerke betref, sien die Hervormde Kerk die 'merkteken van die eenheid alreeds in die gemeenskaplike belydenis en wat daaruit voortvloei.' Die Hervormde Kerk meen dat soos die kerke in die tussenkerklike gesprek mekaar vind in hulle 'interpretasie van die Waarheid, word *organisatoriese eenheid* realiseerbaar' (my beklemtoning). Vir die Hervormde Kerk is 'organisatoriese eenheid sonder eenheid in die Waarheid 'n valse eenheid. Eenwording volg uit eenheid en nie andersom nie.'

Uit bogenoemde amptelike besluite is dit baie duidelik dat die Hervormde Kerk die eis om kerkeenheid *konfessioneel* benader en nie sy standpunt dat die bestaan van die verskeidenheid van denominasies nie noodwendig neerkom op die verdeling van die kerk as die één liggaam van Christus nie, as sodanig *Skriftuurlik* begrond nie. Dit is daarom verstaanbaar dat daar nou gevra sal word na dit wat as die minimum basis van leer en geloof beskou moet word waarop die eenheid berus en wat in die toekoms daartoe aanleiding kan gee dat eenwording uit dié eenheid volg. In die besluit van die Algemene Kerkvergadering van April 1967 is daar egter ook iets gesê wat nie deur die latere besluit ongedaan gemaak is nie, en dit is dat daar in die ekumeniese gesprek ruimte behoort te bestaan vir verskil tussen kerke oor die leer wat nie die minimum basis in gedrang bring nie. Teologiese begronding gebaseer op konfessionele oorweginge is egter 'n begronding van sekondêre status, ten minste in die kring waar die Bybel as die klassieke model en as van primêre orde geag word, soos dit van 'n kerk binne die Reformatoriese tradisie behoort te geld. In die 1967-besluit het die Hervormde Kerk dan ook verklaar dat die ekumeniese gesprek met die Susterkerke by die Skrif moet begin. Daar is verder gesê dat as ons mekaar hier nie vind nie, kan ons mekaar alleen maar in Christelike liefde verdra, terwyl ons daaraan vashou dat Jesus Christus die waarheid en eenheid van die kerk *is*.

## 3. VRAAGSTELLING

In die gees van bogenoemde standpuntstelling van die Hervormde Kerk in die verlede oor die eis om kerkeenheid wil ons in hierdie artikel inderdaad by die Skrif begin. Eerstens wil ons vra of dit wel so is dat die voorstelling van die eenheid van

die kerk in die Nuwe-Testamentiese tyd 'n eenheid in die waarheid is, en veral waarop só 'n eenheid betrekking sal hê. Tweedens gaan ons uit van die aanname dat enige oortuiging op een of ander manier sigbaar behoort te konkretiseer, en die vraag is, indien dit wel so is dat die Nuwe-Testamentiese eis om kerkeenheid nie institusionele eenheid as sodanig in die oog het nie, hoe word die Nuwe-Testamentiese voorstelling van 'n eenheid in Christus dan sigbaar?

## 4. 'N EKSKURS: DIE TERM 'KERK'

Ons bedoel met die term 'kerk' in die uitdrukking 'eenheid-van-die-kerk' dit waarvoor 'n komplementêre kerkbegrip voorsiening maak. Dit wil sê, ons bedoel nie net *ons/my* kerk nie. Maar ons verwys ook nie na die 'universele onsigbare kerk' in die sin van 'n ideële of hemelse grootheid wat met die uitdrukking 'koninkryk van die hemel' gelyk gestel word en wat eers in die volkomenheid van die salige hiernamaals ten volle 'n realiteit sal wees, maar waarna daar nou reeds met die mens se goeie wil en met 'n heiligmakingsproses gestrewe kan word nie. Die kerk is nie die negatiewe teenpool van die koninkryk van die hemel nie (kyk Barth 1972: 56). Die kerk is 'n gemeenskap van gelowiges in die wêreld waar die heerskappy van God erken en deur middel van eksistensiale beslissingsmomente gehoorsaam behoort te word. Begrippe soos 'kerkverband' in Gereformeerde sin of 'volkskerk' in Hervormde sin of 'kerkfamilie' in Nederduits-Gereformeerde sin is ook nie nou ter sake nie. Maar 'kerk' in die gesekulariseerde post-moderne sin van die woord - sonder die Woord as basis, erediens, ampte of die priesterskap van die gelowiges - is nie deel van my denkkategorieë nie. Tog het ons ter wille van die gesprek en die gemelde historiese agtergrond spesifiek die tradisionele drie Afrikaanssprekende kerke in die oog. Wat in hulle gevalle geld, het wel betrekking op die 'kerk' in die komplementêre sin van die woord, soos die ekumeniese simbool ten opsigte van die een, heilige, algemene en apostoliese kerk in die Geloofsbelydenis van Nicéa betrekking het - waarom sou dit nie?

## 5. 'N NUWE-TESTAMENTIESE BEGRONDING VAN KERKEENHEID

### 5.1 Die evangelie as paradoks

Die menswording van Jesus Christus het die 'kerk' tot gevolg gehad. Die absolute oorsprong van die 'kerk' is dus geleë in dié Jesus-gebeure. Net soos die opstanding van Jesus uit die dood, staan hierdie wonder van die oorsprong van die 'kerk' bo die historiese menslike samehang. Die Jesus-gebeure is die daad waardeur God die

mens met Homself versoen het. In en deur Jesus Christus is God bevrydend teenwoordig. God se heilsame teenwoordigheid word egter nie alleen daar ervaar waar die probleme van die lewe afwesig is nie. Die paradoksale aard van Jesus se geboorte, gehoorsaamheid, kruisdood en opstanding toon die wyse waarop God te midde van, ten spyte van, en selfs op grond van aanvegting teenwoordig is. Ervaring van dié heilsame teenwoordigheid van God is vir die mens nie natuurlik nie, maar is die genade (χάρις) van God. Die 'evangelie' van Jesus Christus as 'n 'blye boodskap' is derhalwe 'n paradoks. Die krag van die opstandingsgeloof bestaan immers op grond van die kruisgebeure en is nie moontlik sonder die aanvegting van die kruis nie. Dié genade (χάρις) van God bewerk die dialektiek van blydskap (χαρά) en die beproewinge van die lewe. Dit is iets wat in die geloof ontvang word en dié genadegawe is die geestesgawe (χάρισμα) van God se Gees wat ook die Gees van Jesus Christus is.

Eenheid *met* Christus is 'n eenheid *in* waarheid - 'n paradoksale waarheid. Hieroor sê Bultmann (1968: 309): 'Die ἐκκλησία ist ein genau so zweideutiges Phänomen wie das Kreuz Christi: sichtbar als weltliches Faktum, unsichtbar, jedoch für das Auge des Glaubens zugleich sichtbar, als Grösse der kunftigen Welt.' Wat uit só 'n opmerking myns insiens afgelei kan word, is dat, soos enige ding in die wêreld op een of ander manier sigbaar is of sigbaar voorgestel kan word, so ook die eenheid van die kerk. Die eenheid van die kerk, as 'n eenheid *met* Christus, is slegs vir die oog van die ongelowige onsigbaar, en in die woorde van Efesiërs 5: 32 'n μυστήριον. Maar vir die oog van die gelowige is dit sigbaar. Waar die eenheid van die kerk onsigbaar is, daar word die gelowige geroep om die kerk as iets in die wêreld sigbaar te maak. Dit is 'n kwessie van 'n indikatief-imperatief verhouding, ofte wel om te wees wat reeds is. Hierdie eenheid word ook nie op 'n ander manier sigbaar gemaak in die plaaslike gemeente as in die groepering van gemeentes en selfs in die groepering van denominasies nie. Die vraag is: Hoe word die eenheid van die kerk wat 'n *eenheid in waarheid* is, sigbaar in die gemeente, groepering van gemeentes of groepering van denominasies gemaak? Die meer fundamentele vraag is egter dié na die essensie van die eenheid van die kerk as 'n eenheid van gelowiges met Christus. Hoe is die kerk één, as hy één is in die waarheid?

## 5.2 In Christus

Daar is net één Heilige Gees en dié Gees is die eenheidsband wat gelowiges aan die Jesus-gebeure en aan mekaar bind. Die Pauliniese formule-agtige uitdrukking 'om in Christus / die Here te wees' (ἐν χριστῷ / ἐν κυρίῳ) druk die grond van die bestaan van die geloofsgemeenskap uit, en dit is 'n geestelike, 'n pneumatologiese

bestaan (ἐν πνεύματι) (kyk Neugebauer 1957: 128-129). Hierdie Pauliniese uitdrukkings kan beskou word as die grond van die Nuwe-Testamentiese ekklesiologie (Bultmann 1968: 312). Kourie (1987: 41) formuleer dit soos volg: '... the *ecclesiological* aspect (of the "in Christ" formula - AG v A) emphasises the fact that to be "in Christ" means to belong to the body of Christ.'

Die ervaring van die heilsame teenwoordigheid van God is met ander woorde nie 'n individualistiese aangeleentheid nie. Volgens Rudolf Bultmann (1968: 311) is die uitdrukking 'liggaam van Christus' (1 Kor 12:27) of 'een liggaam in Christus' (Rom 12:5) 'n aanduiding daarvan dat die kerk die wil en daad van die mens transendeer:

> Hierdie terme is uitdrukking van die eenheid van die kerk sowel as van die oorspronklike begronding van dié eenheid wat die wil en daad van individue te bowe gaan. Dit is daarom uitdrukking van die transendente aard van die eenheid van die kerk. Die ἐκκλησία is nie 'n klub waarin soort-soek-soort individue saamstroom nie, hoewel dit van buite so kan lyk. Dit is nie 'n konglomeraat van Geesgevulde individue wat elkeen sy eie private verhouding met Christus het en daarin (op sy eie selfbevredigende manier - AG v A) vreugde vind nie. Paulus het juis só 'n wanopvatting wat in Korinte vorendag gekom het, in 1 Korintiërs 12: 12-30 bestry. Deur dit te doen, het hy op 'n sekondêre vlak die kerk as 'n organisme (σῶμα) bestempel - 'n metafoor wat hy uit die klassieke Griekse tradisie ontleen het. Dáár het dit betrekking gehad op 'n organies ontwikkelde en kompakte gemeenskap. Paulus het egter hierdie assosiasie alleen op sekondêre vlak in die oog gehad. Hy beskryf die kerk primêr as die 'liggaam *van Christus*'. Sy gedagte wat hier voorop staan, is nie dat die onderskeie lede van die liggaam, verskillend soos hulle is, die geheel konstitueer nie en daarom, in hulle verskeidenheid, ewe belangrik vir die liggaam is nie. Sy hoofgedagte is eerder dat die lede met mekaar gelyk is omdat hulle aan Christus behoort. En daarom is hulle onderlinge verskille onbelangrik (1 Kor 12: 12v). Dit is nie die lede wat die liggaam konstitueer nie, maar Christus. (Rom 12: 5 impliseer dieselfde.) Dus, die liggaam van Christus *is* daar, nie deur en in sy lede nie, maar nog *voordat* hulle daar is en *buite* hulle om (Bultmann 1968: 311; my vertaling; beklemtoning deur Bultmann).

Hierdie selfde gedagte word deur die Pauliniese tradisie oorgelewer en verder uitgebou. Dit vind plaas in 'n tyd toe die vroegste kerk, as die liggaam van Christus, soos en in terme van 'n huishouding (kyk die uitdrukking εἰς οἰκοδομὴν τοῦ σώματος τοῦ χριστοῦ in Ef 4: 12) begin funksioneer het.

Hierdie tradisie kom voor in die deutero-Pauliniese geskrif, Efesiërs 4: 15, waar Christus die hoof (ἡ κεφαλή) van die liggaam genoem word. Hier word dit beklemtoon dat die hoofskap van Christus ook die dienswerk van die ampsdraers (apostels, profete, evangeliste, herders en leraars - Ef 4: 11-12) voorafgaan. Almal wat hier as die 'hoofde' van huishoudings gemeld word, is op een of ander manier tradente van die kerugma van die liefde. Hoewel hulle 'hoofde' van verskillende huishoudings is, is hulle één met mekaar, omdat hulle één *liggaam* vorm, één familie van God die Vader (οἰκεῖοι τοῦ θεοῦ - Ef 2: 19), inééngeskakel met en ondergeskik aan die één hoof, die 'hoeksteen' van die hele huishouding, Jesus Christus (Ef 2: 20). Hierdie eenheid bestaan op grond van die *kruis-gebeure* (ἐν ἑνὶ σώματι τῷ διὰ τοῦ σταυροῦ - Ef 2: 16) en op grond van die begeleiding van die *Gees* (ἑνὶ πνεύματι πρὸς τὸν πατέρα - Ef 2: 18). Hierdie huishouding word gebou op die fondament van die *apostels en die profete* (Ef 2:20)

Die eenheid van die liggaam word dus teologies, Christologies, pneumatologies (ἓν σῶμα καὶ ἓν πνεῦμα - Ef 4: 4) en kerugmaties begrond. So gesien, is die Gees en die verkondiging (kerugma) reeds sedert die geboorte van die institusionalisering van die kerk as konstituerende elemente van die eenheid van die kerk beskou. In hierdie verband is dit sinvol om te onthou dat die sakramente reeds baie vroeg al as gestaltes van die kerugma beskou is.

Ons kan tot op hierdie punt soos volg saamvat: Op grond van die inwoning van die één Gees - veruiterlik deur die ontvangs van die doop en die deelname aan die nagmaal - is gelowiges in familieverband aan mekaar gebind. Vanweë die liefde van God en die werk van die Gees ontvang en ervaar hulle van mekaar liefde en vreugde wat hulle te midde van die aanvegting van die lewe sinvol laat voortbestaan. Paulus sê juis in sy diskoers oor die kerk as die liggaam van Christus in 1 Korintiërs 12: 26 dat as een lid ly, ly al die lede saam en as een lid geëer word, is al die lede saam bly (vgl ook Rom 12: 15).

### 5.3 Die kerugma

Jesus het nie self geskrifte nagelaat wat sy volgelinge kon lees en op grond van die meditasie daarvan God se heilsame teenwoordigheid kon ervaar nie. Dit is die verkondiging (kerugma) van die na-pase geloofsgemeenskap, die voortsetting van die dissipelgemeenskap wat Jesus self bymekaar gemaak het, wat die Jesus-saak

verder gedra het. Dié verkondiging (kerugma) is die evangelie dat die mens, op grond van God se genade, in die Gees deur die geloof, aan Christus se kruis en opstanding deel kan hê. God is dus deur sy Woord en Gees teenwoordig. Die napase geloofsgemeenskap het hom gaandeweg rondom die oorlewering van die Jesussaak, mondeling en skriftelik, en rondom die viering van die sakramente begin organiseer en institusionaliseer.

*Die wese van die kerk is daarom in die grond van die saak dié van in-die-erediens-versamelde gemeente in die midde van wie en aan wie die 'gelegitimeerde' bedienaar van die Woord, in wie die Heilige Gees woon en wat deur handoplegging deur mede-gelegitimeerdes sy opdrag ontvang het, die Jesus-saak verkondig.*

Hierdie Jesus-saak is deur die vroegste Christene verstaan as die voortsetting van die heilsgeskiedenis wat God met die volk Israel begin het en is daarom ook in terme van die Ou Testament verkondig. Die één, heilige, algemene kerk is so gesien gebou op die fondamente van die verkondiging (kerugma), soos gedra deur die profete en die apostels. Indien iemand hierdie kontinuum tussen die profete en die apostels in verband sou bring met die uitsprake in Artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis en in Sondagsafdeling 21 van die Heidelbergse Kategismus dat die 'kerk' as die gemeenskap van gelowiges reeds van die begin van die wêreld daar was, sou ek geen beswaar hê nie. Daar moet net nie uit die oog verloor word nie dat die ἐκκλησία as die σῶμα τοῦ χριστοῦ primêr betrekking het op die geloofsgemeenskap van Christene in die Nuwe-Testamentiese tyd.

### 5.4 Partikuliere teenoor universele

Wanneer die spore van 'n ontwikkeling van die begrip 'eenheid-van-die-kerk' in die Nuwe Testament nagegaan word, is dit duidelik dat dit in die Nuwe Testament nie gaan om institusionele eenheid nie. Die oorsprong van die begrip 'eenheid-van-die-kerk' in die Nuwe Testament kan teruggevoer word na hoofsaaklik die konflik tussen 'n 'partikuliere' en 'n 'universele' oortuiging (kyk o a Achtemeier 1987). Die beweging van gelowiges wat aanvanklik uit veral Jode bestaan het, het spoedig ook Helleniste en ander ingesluit. Hierdie bymekaarkom van Jode en nie-Jode het ernstige aanvegting meegebring. Partyskappe het ontstaan wat konflik tussen persone, strominge en selfs gemeentes (ἐκκλησίαι) veroorsaak het. Hierdie konflik het meegebring dat die band met die Heilige Gees, die ἐν πνεύματι-bestaan van die geloofsgemeenskap, verduister geraak het. Dit is moontlik om hierdie partyskappe te sien as deel van die konteks in terme waarvan die gebruik van die liggaam-beeld (σῶμα τοῦ χριστοῦ) wat in sekere latere briewe van Paulus en in die briewe aan die Efesiërs en die Kolossense voorkom, verstaan en toegepas kan word

met betrekking tot die vraag na die 'eenheid van die kerk'. So gesien, bestaan die eenheid van die kerk op grond van die verskeidenheid. Die verskeidenheid dien tot die opbou en die funksionering van die liggaam. Selfs met die behoud van die verskeidenheid kan vreugde in die plek van konflik ervaar word. Eenheid en algemeenheid is alleen denkbaar as daar verskeidenheid bestaan. Die eenheid van gelowiges kom nie neer op die eis dat daar geen verskeidenheid moet wees en dat, indien dit bestaan, dit opgehef moet word nie. So 'n eis sal op daarop neerkom dat die krag van die opstandingsgeloof voorgestel word as iets wat in afwesigheid van die kruisgebeure moontlik sou wees. Verskeidenheid word dan nie alleen as iets kwantitatief voorgestel nie, maar, soos Cullmann (1986: 15-16) dit uitdruk: '... wir (müssen) die Einheit präzisieren als "Einheit in der Vielheit", wobei Vielheit nicht nur *quantitativ*, sondern auch *qualitativ* im Sinne von Verscheidenheit zu verstehen ist' (my beklemtoning).

Hierdie teologiese begronding van die eenheid van die kerk op grond van die verskeidenheid in die kerk word daarop gebaseer dat die aanvegting wat verskeidenheid meebring, gesien word na analogie van die aanvegting van die kruis. Die werk van die één Gees wat die wrywing, as die gevolg van die verskeidenheid, in oorwinnende en opbouende liefde omskep, word verstaan na analogie van die opstandingsgeloof. Hoewel Kourie nie hierdie *analogiese spreke* as sodanig in die oog het nie, druk die volgende opmerking as een van haar konklusies van haar ondersoek na die ἐν χριστῷ-formule dié analogie goed uit: '... the *objective* nature of the "in Christ" formula is of prime importance. Because of the historical saving event of Christ's death and resurrection, believers are "determined by Christ", and share proleptically in the life of the resurrection' (Kourie 1987: 41).

In die lig van Bultmann (1968: 306) en Käsemann (1933: 138) wat meen dat die metafoor 'liggaam van Christus' gnostiese konnotasies het, is ek van mening dat dié betrokke metafoor vir Paulus beslis ook uitdrukking is van bogenoemde analogiese spreke. Fritz Neugebauer (1961: 98) formuleer hierdie analogie soos volg: 'Fragen wir nun nach dem Sinn der Leibvorstellung, so ist die Antwort eindeutig: Leib Christi ist die Ekklesia, weil mit ihr dasselbe geschehen ist wie mit dem Leibe Christi.' Hierdie selfde gedagte word by Roberts aangetref wanneer hy die uitdrukking ...τῇ ἐκκλήσια, ἥτις ἐστιν τὸ σῶμα αὐτοῦ ('die kerk wat sy liggaam is') in Efesiërs 1: 23 soos volg verduidelik:

> Wat met die Gesalfde gebeur het, het met hulle gebeur: Toe Hy gesterf het ... was die lede van die Godsvolk by Hom aan die kruis geïnkorporeer en het hulle saam met Hom gesterwe; en toe Hy opgewek is uit die dood, is hulle as diegene wat by Hom ingelyf is, saam

> met Hom opgewek (vgl Ef 2: 4-6). Christus wil aandui dat ons aan die Gesalfde behoort, by Hom ingelyf is soos ledemate aan 'n liggaam behoort (Roberts 1983: 54).

### 5.5 Die vroeg-katolieke kerk

As charismatiese begrippe (geestelike genadegawes) het 'eenheid' en 'algemeenheid' betrekking op die gemeenskaplike deelhê, die κοινωνία, aan die Jesus-saak, moontlik gemaak deur die kerugma, gedra deur 'amptelike' bedienaars van die Woord. Die funksie van die kerklike 'ampsdraer' in die vroegste kerk hou direk verband met die sigbaarmaking van hierdie eenheid en algemeenheid met betrekking tot die deelkry aan die 'leer' (die belydenis dat Jesus die Here is) en die 'lewe' (die handel volgens die Gees). Die eenheid en algemeenheid van gelowiges, gegrond in die Jesus-saak en in die werk van die één Gees, het in 'n belangrike en invloedryke deel van die vroeg-katolieke, na-apostoliese kerk sigbaar geword in die één kerugma van verskeie 'bedienaars van die Woord' dat Jesus Christus hoof en Here van kerk en wêreld is. Die feit dat hierdie eenheid en algemeenheid so in die verkondiging (kerugma) sigbaar geword het, kan onder andere gesien word in die wyse waarop die Pauliniese 'liggaam van Christus'-beeld opgeneem is in die brief aan die Efesiërs en in die wyse waarop Lukas vertel hoedat die gemeentes (ἐκκλησίαι) paradoksaal, te midde van die spanning as gevolg van die wrywing tussn Jode en nie-Jode, gegroei het.

Die feit dat die woord ἐκκλησία met 'n enkele uitsondering as die tegniese term in die plek van die woord συνάγωγη gebruik is om die Christelike geloofsgemeenskap aan te dui, hou hoogs waarskynlik verband met die verskynsel dat dit 'n gemeenskap van Jode en nie-Jode geword het (kyk Schrage 1963). Daar is aanduiding in vroeë eerste-eeuse Joods-Hellenistiese literatuur dat die term ἐκκλησία teenoor die term συνάγωγη gebruik is om ruimte te maak vir proseliete (kyk Van Aarde 1987: 339-345). Die woord ἐκκλησία as tegniese term waarmee die kerk aangedui word, dien semanties om die Christene as 'n versamelde groep, behorende aan Christus (kyk Louw & Nida 1988: 126) aan te dui en dit het hoofsaaklik betrekking op die bymekaarkom met die oog op die erediens.

*Die spore van die ontwikkeling van die begrip 'eenheid-van-die-kerk' in die Nuwe Testament het dus in die oog gehad die eis, enersyds om kontinuïteit in die oordra van die verkondiging van die Jesus-saak, en andersyds om onbelemmerde gemeenskaplike deelhê van gelowiges aan dié Jesus-saak in die versamelde erediens.*

### 5.6 Die ampsdraer-huishouding

Die kerk is 'n charismatiese huishouding (ofte wel 'n οἰκονομία, 'n οἰκοδομή), begelei deur die Heilige Gees. Die oorgang van die charismatiese huishouding na die ampsdraer-huishouding wat reeds in die Nuwe-Testamentiese tyd 'n aanvang geneeem het, veronderstel nie dat die charismatiese aard van die huishouding losgelaat moet word nie. Indien juridiese maatreëls konstituerend van die wesenlike funksie van die kerk raak en die strukture in die kerk 'n doel op sigself word, terwyl daar uit die oog verloor word dat die kerk se ampsdraers die funksionele draers is van die paradoksale evangelie met die oog op die eenheid van die lede van die kerk met Christus, word die essensie van kerk-wees teëgegaan (Bultmann 1968: 449-450). 'n Juridiese kerkbegrip is 'n verwording van die kerkopvatting van die apostoliese en na-apostoliese periode.

Daar was 'n tyd dat sekere Reformatoriese teoloë gedink het dat die vroeg-katolieke periode die verlies meegebring het van die Pauliniese klemtoon dat die geregtigheid uit die geloof alléén is. In hierdie verband het Gager (1974: 67) gelukkig die volgende waarskuwing laat hoor: 'a good deal of nonsense has been written about the decline of primitive Christianity into "early Catholicism"'(kyk ook Brown 1984: 37). Die ampsdraer-huishouding was bedoel om onder andere die 'eenheid' en die 'algemeenheid', soos dit hierbo uiteengesit is, te dien. Die uitspraak van Ignatius aan die begin van die tweede eeu n C en van Cyprianus in die eerste helfte van die derde eeu n C dat die één, algemene kerk daar gevind word waar die biskop is, moet juis verstaan word teen die agtergrond van die behoud van die charismatiese in hierdie huishouding (kyk Oetting 1964: 44-45). Die volgende uitspraak van Raymond Brown (vgl ook Elliott 1981; Osiek 1984: 73-84) druk hierdie belangrike saak goed uit:

> *First* and foremost in the Pastorals the presbyter-bishops are to be the official teachers of the community, holding to the sound doctrine that they have received from Paul through Titus and Timothy and rejecting any novel or different teaching. They can protect the community from false doctrine because they can silence wrong teachers (Titus 1: 9-2: 1; 1 Tim 4: 1-11; 5: 17). *Second*, since the church is 'the household of God (1 Tim 3: 15: a comparison heightened because the church met in a house), the presbyter-bishops are to be like fathers taking responsibility for a home, administering its goods and providing example and discipline. Stability and close relationship similar to that of a family home will hold the church together against the disintegrating forces that surrround or invade it (Brown 1984: 34).

AD Pont wys ook op hierdie saambindende funksie wat Calvyn (Inst IV.3.2) aan die bedienaar van die Woord verleen: '*praecipuum esse nervum quo fideles in uno corpore cohaerant*, ofwel die dienaar van die Woord is die belangrikste senuwee waardeur die gelowiges in een liggaam verbind is' (Pont 1989).

## 6. DIE EIS OM KERKEENHEID VANDAG

Wat die eis om 'eenheid' van die drie Afrikaanse susterkerke betref, kan die volgende afleiding op grond van Nuwe-Testamentiese getuienis gemaak word:

Deelname deur gelegitimeerde bedienaars van die Woord van die onderskeie kerke aan die handopleggingsseremonie tydens die bevestiging van 'n bedienaar van die Woord, onbelemmerde kanselruil en onbelemmerde deelname deur die gelowige lidmate van die onderskeie kerke aan die Woordverkondiging en die sakramente is, naas die ervaring van liefde en vreugde van mekaar, die wyse waarop die eenheid te midde van, ten spyte van en selfs op grond van die verdelende faktore sigbaar kan word.

Gemeentes of kerke/denominasies wat hierdie eenheid teëstaan op grond van byvoorbeeld die gebrek aan die eenheid in kerkorde of die gebrek aan kulturele eenheid, se kerkbegrip is miskien juridies of antropologies begrond, maar klaarblyklik nie teologies, Christologies, pneumatologies en kerugmaties nie.

Institusionele eenheid, selfs verstaan as 'n proses tot eenwording, is nie 'n Skriftuurlike eis nie en so ook nie die ophef van die verskeidenheid met betrekking tot kerklike etos, Skrif- en belydenisinterpretasie nie. Die blote voortbestaan van die drie kerke en van selfs die genoemde verskeidenheid hoef nie die eenheid en die algemeenheid van die één, algemene kerk in gedrang te bring nie en behoort derhalwe nie as sodanig as 'sonde' of as 'ongehoord' tipeer te word nie. Ons word wel opgeroep om die eenheid wat daar in Christus *is*, èn waarin ons, in die geloof, ingedoop is, *hier* en *nou* sigbaar te maak deur één *met* die liggaam van Christus te word.

### Literatuurverwysings

ACHTEMEIER, PJ 1987. *The quest for unity in the New Testament church: A study in Paul and Acts.* Philadelphia: Fortress.

BARTH, K [1960] 1972. *The humanity of God.* Transl by JN Thomas. Tenth printing. Richmond: John Knox.

BROWN, RE 1984. *The churches the apostles left behind.* New York: Paulist.

BULTMANN, R [1958] 1968. *Theologie des Neuen Testaments.* 6. Aufl. Tübingen: Mohr.

CULLMANN, O 1986. *Einheit durch Vielfalt*. Tübingen: Mohr.

ELLIOTT, JH 1981. *A home for the homeless: A sosiological exegesis of 1 Peter. Its situation and strategy.* Philadelphia: Fortress.

ENGELBRECHT, BJ 1978. Die vraag of (die) drie (susters-) kerke met een en dieselfde belydenis binne een en dieselfde volk (met dieselfde taal, geskiedenis en kultuur) mag bestaan in die lig van die Bybels-Reformatoriese visie oor die eenheid van die kerk van Jesus Christus. *Almanak en Bybelse dagboek: Uitgegee vanweë die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* 72, 15-18.

GAGER, JW 1974. *Kingdom and community: The social world of early Christianity.* Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.

HAHN, F 1986. Die Einheit der Kirche und Kirchengemeinschaft in Sicht, in *Exegetische Beiträge zum ökumenischen Gespräch: Gesammelte Aufsätze, Band I, 116-158. Göttingen: Vandenhoeck.*

KäSEMANN, E 1933. *Leib und Leib Christi.* Tübingen: Mohr. (Beiträge z. hist. Theol. H. 9.)

KOURIE, CET 1987. 'In Christ' and related expressions in Paul. *Theologia Evangelica* 20/2, 33-43.

LOUW, JP & NIDA EA 1988. *Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains, Volume I: Introduction & domains.* New York: U B S.

NEUGEBAUER, F 1957. Das Paulinische 'in Christo'. *NTS* 4, 124-138.

NEUGEBAUER, F 1961. *In Christus/*ΕΝ ΧΡΙΣΤΩΙ: *Eine Untersuchung zum Paulinischen Glaubensverständnis.* Göttingen: Vandenhoeck.

OETTING, W 1964. *The church of the catacombs: An introduction to the surging life of the early church from the apostles to AD 250. Based on first-hand accounts.* Saint Louis: Concordia Publishing House. (Church and History Series.)

OSIEK, C 1984. *What are they saying about the social setting of the New Testament?* New York: Paulist Press.

PONT, AD 1989. Die priesterskap van die gelowiges soos Calvyn dit gesien het. *HTS* 45/2.

ROBERTS, JH 1983. *Die brief aan die Efesiërs.* Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

SCHRAGE, W 1963. 'Εκκλησία und συνάγωγη: Zum Ursprung des urchristlichen Kirchenbegriffs. *ZThK* 60, 178-202.

VAN AARDE, AG 1987. Gedagtes oor die begin van die kerk: 'n Geskiedenis van versoenende verskeidenheid. *HTS* 43, 325-351.

VAN ZYL, FJ 1978. Vereniging of samewerking? *Almanak en Bybelse dagboek: Uitgegee vanweë die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* 72, 23-26.